# PSALM 111

```
      G              C      G
1.    Kom met die opregtes saam;
              D             G
      loof Sy werke, prys Sy Naam.
            D      D7       G
      As jy daaroor dink met vreug,
                 D      D7       G
      bring Hom dank en wees verheug.
                     C        G
      Laat ons hulde aan Hom bring,
          D              G
      vir Yahweh ‘n loflied sing!

      G             C    G
2.    Luisterryk, vol majesteit
             D             G
      is Sy groot barmhartigheid.
            D    D7     G
      Al Sy dade word onthou;
                 D   D7    G
      Hy’s standvastig in Sy trou.
                     C        G
      Laat ons hulde aan Hom bring,
          D              G
      vir Yahweh ‘n loflied sing!

      G             C       G
3.    Hy voed hulle wat Hom dien;
            D              G
      in Sy trou het Hy voorsien.
             D       D7     G
      Sy verbond hou altyd stand.
             D      D7      G
      Hy behoed Sy volk en land.
                     C        G
      Laat ons hulde aan Hom bring,
          D              G
      vir Yahweh ‘n loflied sing!

      G              C      G
4.    Hy’s op trou en reg gesteld.
              D               G
      Wat Hy voorskryf, sal bly geld.
                D      D7     G
      Aan Hom bly Sy volk verbind.
              D    D7      G
      Wysheid is by Hom te vind.
                     C        G
      Laat ons hulde aan Hom bring,
          D              G
      vir Yahweh ‘n loflied sing!
```